

**25 November**

**Skrifgedeelte: Psalm 147**

**Fokusgedeelte: Psalm 147:8,9,14,19,20**

### **God versorg jou met fisiese en geestelike voedsel**

Op hierdie oomblik wei miljoene diere oor die aarde op grasvelde of in bosse. Miljoene visse swem in die see waar elkeen sy besondere voedsel vind. Miljoene voëls vlieg deur die lug vanwaar hulle hulle voedsel raaksien. Ja, God versorg sy skepsels met voedsel en water. Hy gee reën sodat diere en plante kan lewe en groei.

Hy sorg ook elke dag vir jou! Wanneer jy vandag die yskas of die vrieskas, die broodblik of kombuiskaste gaan oopmaak, staan `n oomblik stil en dink net bietjie dieper as gewoonlik. Sien God wat jou versorg se Vaderliefde daarin raak dat Hy elke dag vir jou kos gee om te eet. Word stil en dink hoe Jesus se woorde in Matteus 6:26 op jou van toepassing is: "Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie."

God versorg ons egter nie elke dag net na ons fisiese behoeftes nie. Hy deel ook vir ons heerlike geestelike voedsel uit. Hy gee dit deur sy Woord aan ons. Dis heerlik voorberei, met `n wonderlike smaak en in jou eie taal. Eet dit daaglik deur dit te lees, dit te oordink, dit te glo en dit te doen. Die Heilige Gees gebruik daaglik God se Woord in ons lewens. So word ons geestelike lewe versorg en kan dit groei. So leer ons meer van die Here en wat Hy van ons verwag. So leer ons van die brood van die lewe, Jesus Christus, wat vir ons die ewige lewe bewerk het.

Dis `n ontsaglike voorreg dat die Here Hom aan ons bekend maak in sy Woord, dat Hy sy wysheid en kennis aan ons deurgee in die Bybel. Maar eet ons ons geestelike voedsel so getrou soos wat ons ons fisiese voedsel eet?

*Sing: Psalm 119:38*

*Ds L du P van der Vyver (Silverton)*